PRETORIA, VRYDAG, 22 APRIL 1932.

MDK0131T

# DIE BOUMEESTER DR. H. P. BERLAGE

## 'n Groot Hollander

## MNR. MOERDYK VERTEL

Na aanleiding van die berig dat die goue medalje van die "Royal Institute of British Architects" onlangs aan dr. Hendrik Petrus Berlage toegeken is, het mnr. Gerard Moerdyk, die welbekende Pretoriase boumeester, een en ander van die Nederlander meegedeel. Hierdie medalje word jaarliks aan 'n persoon gegee wat, volgens die mening van die Instituut, die meeste gedoen het vir die boukuns.

"Die eerstekeer dat ek die naam van Berlage gesien het, was toe ek as student 'n artiekel van Berlage gelees het oor sy besoek aan Amerika," aldus mnr. Moerdyk. "Dit het 'n geweldige indruk op my gemaak en ek het gevoel dat mens hier te doen had met 'n oorspronklike gees wat 'n nuwe wending in die argitektuur sou veroorsaak. Tot kort gelede was die argitektuur aristokratiese kuns. Die boumeester het sy vernaamste kliënte getel onder vorste, ryk mense en dergelike. Berlage en sy geesgenote het die begrip verander."

### STADSUITLEG

Sedertdien het die argitektuur sig meer toegelê op stadsuitleg, werksmanswoninge en gemeentegeboue. Vandag staan Holland onteenseglik aan die spits van die boukundige ontwikkeling. Daar is meer as in enige ander land gedoen om die agterbuurtvraagstuk op te los, aldus mnr. Moerdyk. Soiets as agterbuurte bestaan daar nie meer nie. Die armer gedeelte van die volk, nl. werksmense, klerke en dergelike persone word gehuisves in deeglik uitgelegde stadsgedeeltes en in wonings wat, hoewel eenvoudig, tog na ons oordeel, weelderige geboue sal wees.

Berlage was een van die eerste om te sien dat, as ooit die behuisingsvraagstuk opgelos moet word, radikaal te werk gegaan moes word. As gevolg van sy bedrywighede is hele stadsgedeeltes in Holland gesloop, weer opgebou en goed ingerig.

Berlage was een van die eerstes om in te sien dat hande-arbeid as essensiële onderdeel van kuns, nie meer die oorwegende rol speel nie, maar dat masjinerie gebruik kan word om nie alleen iets goedkoops nie, maar smaakvols voort te bring.

### DIE AMSTERDAMSE BEURS

"Toe ek in 1910 as student uit Londen vir die eerste keer in Amsterdam kom," aldus mnr. Moerdyk, "het ek die beroemde Beursgebou gaan sien. Dit was vir my 'n skok. Ek wis nie of ek dit mooi of lelik moes vind nie. Dit was so'n afwyking van die algemene begrip wat toe gangbaar was dat dit onmoontlik was om so in die haastigheid te oordeel of waardeer. Tog is gevoel dat mens hier met 'n vrugbare konsepsie te doen had. Toe ek na 20 jaar weer in Amsterdam kom, het die Beurs 'n heel ander indruk op my gemaak. Weg was al die uitheemse vreemde gevoel en die gebou lyk of dit uit sy omgewing opgegroei het en of geen ander begrip so uitnemend pas as juis daardie nie."

Sedert die Beurs gebou is, het Berlage van krag tot krag voortgegaan en vandag is hy die geëerde Nestor van die beroep in Holland. Dog nie alleen word hy geëer in Nederland omdat hy 'n suiwer Hollandse produk



H. P. BERLAGE.

geskep het nie, maar juis uit krag daarvan het hy geword 'n wêreldfiguur en een van die groot geeste op die gebied van die argitektuur.

"Vir ons, as Afrikaners," verklaar mnr. Moerdyk, "wat steeds in 'n nou verband in bloed en gees staan met die Hollanders, is dit 'n eer en inspirasie. Holland, nieteenstaande sy klein bevolking en nietige oppervlakte, produseer die grootste moderne boumeester. Is dit nie vir ons bewys dat niks ons behoor te verhinder om ook tot grootheid te kom nie?"